***In Judea rondom Jerusalem:***

***Doop in water, doop met die Gees van Apartheid [Johannes 3: 22] .***

*22 HIERNA het JaHWèshua en Sy leerlinge na die aarde van Judea gegaan, en Hy het daar met hulle vertoef en gedoop.*

**23** Toe die dag ten volle aangebreek het, het ons in die pad geval en in Judea ingegaan, wat eintlik aan Jerusalem behoort het, en wat die stad omring het net soos wat `n distrik vandag rondom sy hoofstad geleë is. `n Mens kon maklik binne `n paar dae deur die hele land stap.

[2] En wat het Ek eintlik in hierdie land gaan doen? Die vers sê dat Ek daar vertoef het en toe gedoop het. Hieruit spruit die vraag, wie die “hulle” was en wat dit beteken dat Ek daar met hulle vertoef het. “Hulle” is tog die leerlinge, waarvan die aantal met `n paar in Jerusalem begin toeneem het, maar daar was ook die wat in My en My lering geglo het en met My gesimpatiseer het.

[3] En almal wat My lering met volkome geloof aanvaar het, is **deur My** in water gedoop, maar in die geheim **met die Gees van My Ewige Liefde en Wysheid en het daardeur die mag ontvang om kinders van Elohim genoem te word**. Dit was wat Ek gedoen het, terwyl Ek daar vertoef het. Die lering en wat Ek gedoen het, is gedeeltelik deur die ander drie evangeliste opgeteken en dit is dus nie nodig om dit hier aan te haal nie. Dit het hoofsaaklik daarom gegaan om die ernstige tekortkominge waaraan die Judeërs en die fariseërs gely het, **uit te wys, sowel as die prediking van liefde vir Elohim en jou naaste.**

[4] Eerstens het Ek al die swakhede beskryf, die oortreders gemaan om te bekeer, diegene wat My lering aangeneem het, gewaarsku om nie terug te draai na die ou suurdeeg van die fariseërs nie, en saam met My sagmoedige lering wonderwerke gedoen wat so nodig is vir hierdie materialistiese tye. Ek het ook baie siekes genees, die besetenes van die besoedelde geeste bevry en nog meer en meer leerlinge aangeneem.

*23 En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop. 24 Want Johannes was nog nie in die gevangenis gewerp nie.*

[5] Tydens My tog deur die land van Judea het Ek ook in die gebied gekom waar Johannes in die klein woestyn Aenon naby Salim gedoop het, want daar was baie water, want in die streek van Betabára het die Jordaan baie min water gehad en die was modderig, vuil en vol stinkende ongediertes. Dit is waarom Johannes sy ligging verskuif het, sy streng boetedoenings preke te Aenon gepreek het en die mense gedoop wat sy lering aanvaar het en ware boete gedoen het.

[6] Onder hulle was daar baie wat alreeds My lering aangeneem het, maar was nog nie deur Johannes gedoop nie. Hulle het My gevra of dit nodig was dat Johannes hulle vooraf moes doop. En Ek sê vir hulle: Slegs een ding is nodig en dit is om te voldoen aan My lering. Maar wie ookal vooraf deur Johannes gedoop wil word, terwyl hy nog sy werk doen, sal net bevoordeel word deur so `n wassing. Na afloop van My rede het baie hulleself deur Johannes laat doop.

*25 Daar het toe van die kant van die leerlinge van Johannes `n redenasie met die Judeërs ontstaan oor die doop.*

[7] Daar ontstaan toe `n dispuut oor die wassing van Johannes en Myself, want Johannes se leerlinge kon nie verstaan dat Ek ook met water gedoop het nie, aangesien hulle van Johannes gehoor het dat Ek nie met water sal doop nie, **maar met die Gees van Apartheid.** Menige Judeërs, wat alreeds My leerlinge was, het volgehou dat My doop die ware doop was, want, aangesien Ek ook soos Johannes met water gedoop het, was My doop die enigste geldige een want Ek het nie net met water alleen gedoop nie, maar terselfdertyd ook met die Gees van Elohim, wat die dopelinge die voor die hand liggende mag gee om kinders van Elohim genoem te word.

*26 En hulle het na Johannes gekom en vir hom gesê: My meester, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was, van wie u getuig het, kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe.*

[8] Na afloop van hierdie besprekings, gaan **Johannes se leerlinge** saam met die Judeërs na Johannes en sê: “Luister, meester! Dieselfde Man wat saam met jou aan die anderkant van die Jordaan was, van wie jy getuig het dat Hy met die Gees van Apartheid sal doop, is nou in die omgewing en doop ook met water soos jy. Hoe moet ons dit verstaan? Is hierdie Doper waarlik die Een waarvan jy die groot getuienis gegee het?”

[9] **Johannes** sê egter aan sy leerlinge: “Gaan vra Hom, is U die Een wat moes kom of moet ons wag vir `n ander? Let goed op na wat Hy vir julle sal vertel en kom vertel my. Slegs dan sal ek julle navraag volledig beantwoord.”

[10] Daarop het verskeie van Johannes se leerlinge na My toe gekom en My gevra soos voorgestel deur Johannes. Maar ek het hulle die goedbekende antwoord gegee dat hulle vir Johannes moet vertel wat hulle sien, naamlik dat die blindes sien, die lammes loop, die dowes hoor en hoe die Koninkryk van Elohim verkondig word aan die armes. En geseënd is hy wat nie aanstoot neem nie. – Die leerlinge keer terug na Johannes en vertel hom dadelik wat hulle gesien en gehoor het.

***Die groot en laaste getuienis van Johannes die Doper aangaande JaHshua***

*Johannes antwoord en sê: "`n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die Hemele gegee is nie."* ***Johannes 3: 27***

**24** Maar **Johannes** beheer homself en sê vir sy leerlinge: "Luister, ek is hiervan oortuig. `n Mens kan niks aanneem, veral dinge betreffende die Gees, as dit nie eers aan hom uit die hemele gegee is nie. Dié buitengewone Man wat oorkant die Jordaan deur my gedoop is, en waarop ek die **Gees van Elohim** sien neerdaal het van die hemele in die vorm van `n klein **wolkie van Lig, so sagkens soos `n duif wat op haar nes neerdaa**l, en van wie ek getuig het, kon nie as gewone mens dit neem wat Hy besit nie. Hy is meer as `n gewone mens en dit wil voorkom of Hy self die mag het om van die hemele te neem en te behou wat Hy geneem het of om dit aan te gee aan wie Hy dit ookal wil. En ek glo dat almal dit wat ons ontvang het ontvang het deur Sy barmhartigheid. Daarom kan ons gladnie vir Hom vertel wat om te doen en hoe om dit te doen nie. Hy gee en ons is die wat van Hom neem. Hy het Sy skop in Sy hand en sal die vloer van sy skuur skoonvee, maar die kaf verbrand met die ewige vuur en sal die as gebruik vir wat Hy wil.

*28 Julle is self my getuies dat ek gesê het: Ek is nie die Messias nie; maar dat ek voor Hom uitgestuur is.*

[2] (a) Julle is self my getuies dat ek die priesters en die Leviete wat na my toe van Jerusalem gekom het, vertel het dat ek nie die Messias is nie, maar gestuur as Sy wegbereider.

*Matthéüs 3: 12: Sy skop is in Sy Hand, en Hy sal Sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en Sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand.*

[2] (b) Hoe kan ek dan fout vind met die Een wat Sy eie skop in Sy hand het? Hoe Hy ookal Sy vloer wil vee, ons kan nie vir Hom reëls maak nie. Want die land (die wêreld) is Syne, daarom ook die koring(die kinders van Elohim) en die kaf (kinders van die wêreld of die duiwel) en is die skuur (hemele) Syne en die vuur (hel) wat nooit geblus word nie, Syne,

*29 Hy wat die Bruid het, is die Bruidegom; maar die vriend van die Bruidegom wat na Hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die Bruidegom. So is dan hierdie blydskap van my volkome.*

[3] Wie ookal die Bruid (Wysheid van die Hemele) het, is die Ware Bruidegom, maar die vriend van die Bruidegom staan daarby en verheug hom as hy die Bruidegom se stem hoor. En sien, hierdie vreugde is nou myne. Maar wanneer die Meester Self kom, is die engel se taak voltooi. Want die boodskapper se enigste taak is om die aankoms van die Meester aan te kondig. Wanneer die Meester aangekom het, is die boodskapper nie meer nodig nie.

*30 Hy moet meer word, maar ek minder.*

[4] Daarom moet ek nou minder word, maar Hy as Meester moet meer word vir die mense op aarde. Julle was altyd my leerlinge omdat ek as boodskapper na julle toe gekom het. Het enigeen van julle my al gehoor roem daaroor? Ten alle tye het ek die eer behou vir Hom wat dit moes ontvang. Toe ek getuig het dat ek nie waardig genoeg was om sy skoenrieme los te maak nie, het ek my verseker nie bo Hom verhef nie, maar het Hom al die eer gegee wat in die menslike blindheid toegelaat is. Daarom herhaal ek: My sending is nou beëindig. As die Meester self gekom het, is die wegbereider nie meer nodig nie, waar die boodskapper(vlees) nou minder moet word, waar Hy as die Meester(die Gees) moet bo die vlees uitgroei. Daar is `n groot verskil tussen die boodskapper en Hom wat uit Sy eie Mag die boodskapper stuur waar ookal Hy wil.